


# Nôko Is Nuuskierig!



Hierdie aktiwiteit is ontwerp om ***begrip, deernis en inklusiwiteit*** aan te moedig. Ons doelwit is om kinders te inspireer om nuuskierig te wees oor dinge wat soortgelyk (en verskillend) teenoor mekaar is. Dikwels besef ons uiteindelik dat ons tog nie so anders is nie! Hierdie aktiwiteit bied vir leerders die geleentheid om die band met hul mede-klasmaats te verdiep, en stel ons in staat om 'n ***Kultuur Van Deernis*** in te sluit.

**Instruksies:**

**1.** Druk, knip en lamineer asseblief 2 kopieë van elke karakter.
**2.** Plaas al die karakters wat jy uitgesny het in 'n sakkie.
**3.** Laat elke leerder toe om 'n karakter te kies (sonder om te loer!)
**4.** Sodra elke leerder 'n karakter het, groepeer hul volgens die karakter wat hul gekies het..
**D.w.s. *die 2 leerders wat die Nôko-beeld gekry het, moet saamgegroepeer word, en dieselfde geld vir die res van die karakters.***
**5.** Gee vir leerders die opdrag om een van die take, wat op **bladsy 3** gelys is, binne 'n voorgestelde tydsbeperking (of pouse) te voltooi. Hul moet hul maat se antwoorde in hul werkboek neer skryf (**bladsy 4 & 5**).
**6.** Sodra die take voltooi het, moet die leerders in 'n kring sit, waar die gegroepeerde maats langsmekaar sit.
**7.** Leerders kan nou, een-vir-een, al die nuwe dinge wat hulle oor hul klasmaat geleer het, met mekaar deel. Leerders moet hul maat se hand skud, sodra hul klaar is en aan beweeg na die volgende groep!
**8.** Herhaal hierdie aktiwiteit daagliks, totdat elke leerder met al die leerders gegroepeer was - dit sal gesonde verhoudings kweek en harmonie in jou klaskamer bevorder!


















Copyright © Eleni Theodorou 2022, All Rights Reserved. | Www.NokoTheKnight.co.za





It's Kool 2B Kind

NokoTheKnight.com



Copyright © Eleni Theodorou 2022, All Rights Reserved. | Www.NokoTheKnight.co.za

# Nôko Is Nuuskierig!

***Onthou, leerders moet aan die einde van pouse aan die klas terugrapporteer.***

1. Elke leerder moet vir hul maat vra wat hul gunsteling speletjie is, wat die reëls behels en hul moet vir mekaar wys / verduidelik hoe dit gespeel word!
2. Elke leerder moet by hul maat uitvind aan watter (indien enige) naskoolse aktiwiteit hulle deelneem, wat hul gunsteling is en verduidelik hoekom.
3. Elke leerder moet vir hul maat vra wat hul naam beteken en of hulle 'n middelnaam het. As hulle nie die betekenis van hul naam/name ken nie, kan hulle dit saam ondersoek! Hulle moet ook uitvind na wie hulle vernoem is (d.w.s. hul ouma/oupa ens.).
4. Leerders moet uitvind wat hul van mekaar waardeer en waarom hul van mekaar hou. Die fokus moet op mekaar se vaardighede en vermoëns gerig bly.
5. Leerders moet nou met mekaar spesiale vaardighede, waaroor elkeen beskik, deel en vir die maat ook leer hoe om dit te doen. Vra vir die leerders hoe hulle gevoel het hulle toe hulle hierdie nuwe vaardigheid bereik het?
6. Leerders moet by mekaar uitvind wat hul gunsteling familietradisie of -aktiwiteit is, en hoekom.
7. Laat die gegroepeerde leerders hul tuisverpakte middagete / kospakkie vir mekaar wys en verduidelik hoekom dit hul gunstelingkos is. Die leerders moet toegelaat word om aan te bied om 'n versnapering met hul maat te deel, mits daar geen voedselallergieë is om oor bekommerd te wees nie.
8. Leerders moet by mekaar hoor wat elkeen dink die basis van 'n fantastiese vriendskap uitmaak - fokus op spesifieke vereistes om 'n vriendskap fantasties en suksesvol te maak.
9. Leerders kan nou vir mekaar vra hoe hulle 'n beter vriend vir hul maat kan wees. Hoe kan hulle hul maat meer ondersteun? Wat sal hul kan doen om te help dat hul maat meer ingesluit / geondersteun / beter te voel?
10. Sodra die een-tot-een take/aktiwiteite voltooi is, beweeg aan na die groepsaktiwiteite. Die gegroepeerde maats kan nou die ander groepies vriende nooi om bymekaar die res van pouse te spandeer, terwyl hulle eet of speel. Hulle moet geleentheid gegee word om terug te rapporteer oor hul ervaring en te deel wat hulle oor mekaar geleer het.



**Copyright © Eleni Theodorou 2022, All Rights Reserved. | Www.NokoTheKnight.co.za**

# Nôko Is Nuuskierig!
## Antwoorde

Aktiwiteit 1 Antwoorde: Klasmaat se naam:

Aktiwiteit 2 Antwoorde: Klasmaat se naam:

Aktiwiteit 3 Antwoorde: Klasmaat se naam:

Aktiwiteit 4 Antwoorde: Klasmaat se naam:

Aktiwiteit 5 Antwoorde: Klasmaat se naam:



Copyright © Eleni Theodorou 2022, All Rights Reserved. | Www.NokoTheKnight.co.za

# Nôko Is Nuuskierig!
# Antwoorde

Aktiwiteit 6 Antwoorde: Klasmaat se naam:

Aktiwiteit 7 Antwoorde: Klasmaat se naam:

Aktiwiteit 8 Antwoorde: Klasmaat se naam:

Aktiwiteit 9 Antwoorde: Klasmaat se naam:

Aktiwiteit 10 Antwoorde: Klasmaat se naam:



Copyright © Eleni Theodorou 2022, All Rights Reserved. | Www.NokoTheKnight.co.za